ARGENTINIË

# Reusagtige produsent van soja word net al hoe groter

**DIE** feit dat produksie, verwerking en verskeping van sojaboonprodukte alles in 'n radius van sowat 300 km in Argentinië se vernaamste produksiegebied kan geskied, bied 'n mededingende voordeel wat die bedryf al hoe groter in dié land laat groei.

Mnr. Adrian Figaero, kommunikasiehoof van ForoPais (die bedryfsorganisasie vir sojaboonboere) sê die Pampas-gebied het die voordele van die beste grond en klimaat.

Daarby is die afstand van produksiegebiede na verwerkingsaanlegte minder as 400 km teenoor byvoorbeeld Brasilië, waar dit soms tot 1 500 km is.

Hy het op die kongres van die Internasionale Federasie van Landbou-joernaliste (IFLJ) in Rosario gesê dit alles bespaar koste en verseker dat Argentinië die groeiende soja-reus bly.

Die land produseer al sowat 50 miljoen ton bone per jaar.

Oliekoek word na 35 lande uitgevoer en beslaan 43% van die wêreld se uitvoer.

Olie word na 32 lande uitgevoer en verteenwoordig ook 43% van internasionale uitvoer.

Daarby voer Argentinië 60% van die wêreld se biodiesel uit wat uit soja-olie vervaardig word. Dit maak hom die grootste uitvoerder en op twee na die grootste produsent.

Die land – met sy bevolking van 40 miljoen mense – voed reeds meer as 450 miljoen mense en die produksie neem steeds toe.

– NICO VAN BURICK